Gids vir Werkgewers en Werknemers

(vir werkgewers en lede vanaf 1 Julie 2020)

Werknemersvoordele

Die unieke Voorsorgfonds wat aftree-, uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele in ’n enkele pakket aan werknemers in die landbousektor bied.

Produk

ACA Employee Benefits (voorheen Absa Konsultante en Aktuarisse) het kragte saamgesnoer met georganiseerde landbou en ‘n Voorsorgfonds saamgestel vir elke werknemer in die landbousektor. Die Fonds se administrasie, advies en aktuariële dienste word verskaf deur ACA Employee Benefits, en die bestuur van die Fonds word deur ‘n Bestuursraad, met verteenwoordiging deur ACA, Agri SA, LWO, TLU SA en onafhanklike Raadslede, hanteer.

Die Landbousektor Voorsorgfonds bestaan uit verskeie planne, met elke plan wat unieke voordele bied. Hierdie planne is so saamgestel dat dit aan individuele lede sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele teen bekostigbare premies bied, tesame met ‘n spaarkomponent. Die spaarkomponent is gebaseer op die bruto bydraes wat vir elke lid van die Fonds gespaar word minus die kostes vir administrasie, sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele. Die effektiwiteit van die spaarkomponent berus op die vlak van bydraes wat gelewer word, asook die termyn waaroor die bydraes gemaak word. Lede wat eers op ‘n hoër ouderdom tot die Fonds toetree se spaartermyn is baie korter as dié van jonger lede, en daarom sal hul fondswaardes by aftrede ook laer wees.

Die Fonds is uiters buigsaam en kan aan verskillende behoeftes voldoen, maar is tog ook eenvoudig genoeg om administrasie te vergemaklik en kostes te beperk.

Voordele vir die Werkgewer en sy Werknemers

- Een maandelikse bydrae dek alle voordele.
- Werknemers kry gemoedsrus.
- Die opgelope fondswaardes van lede is oordraagbaar vanaf een werkgewer na die volgende.

Lidmaatskap

Elke werknemer besluit tot watter plan hy of sy wil behoort. Werkgewers word as deelnemende werkgewers binne die Fonds geregistreer. Alle permanente werknemers tussen die ouderdom van 16 en 65 jaar moet by die Fonds aansluit. Die Fonds is buigsaam genoeg om voorsiening daarvoor te maak dat werknemers hulle plan binne die Fonds mag wysig indien die behoefte ontstaan.

Bestuur

Die Bestuursraad word deur ‘n Hoofbeampte ondersteun wat verseker dat die besluite uitgevoer en behoorlik geïmplementeer word.

Administrasie

Die Fonds word deur ACA Employee Benefits geadministreer en jaarliks deur onafhanklike ouditeure geoudit. Die voordele wat onder die aparte groepskemas voorsien word, word by ‘n lewensversekeraar herverseker. Die keuse van die herversekeraar berus by die Bestuursraad wat gereeld die mark toets om te verseker dat die mees mededingende dienste en premies beding word.

Beleggings

Die gedeelte van bydraes wat vir aftreebefondsing (spaarkomponent) beskikbaar is word in portefeuljes van welbekende beleggingsbestuurders belê om te verseker dat lede se spaarkomponent aan groei met beperkte risiko blootgestel word. Die keuse van beleggingsbestuurders berus by die Bestuursraad en word gereeld hersien om goeie opbrengste op fondsbeleggings te handhaaf. Die Bestuursraad het ‘n volledige beleggingstrategie waarvolgens verlaagde risiko vir fondslede behou word, maar ook probeer word om ‘n aanvaarbare groei te verkry.

Die huidige beleggingsportefeuljes van die Fonds is die Momentum Multi-Manager Smooth Growth Fund (Global), Sanlam Stabiele Bonusfonds en die SIM - Kontantfonds.

Eienaarskap

Alhoewel werkgewers as deelnemende werkgewers van die Fonds geregistreer is, word ‘n aparte beleggingsrekening vir elke werknemer (wat lid van die Fonds is) gehou. Elke werknemer is dus eienaar van sy of haar eie beleggingsrekening.

Voordeelstrukture

Om voorsiening te maak vir verskillende behoeftes, word verskillende voordeelplanne aangebied. Die voordeelstrukture word in die volgende tabelle uiteengesit:

Plan		A1	A2	B	C2	D	E
Bydrae		R154.00	R154.00	R176.00	R198.00	R237.00	R396.00
Sterftedekking		-	R14 000	R17 000	R20 000	R25 000	R35 000
Enkelbedrag ongeskiktheid		-	-	-	-	R25 000	R35 000
Ongeluk: sterfte/verlies van ledemate		-	R14 000	R17 000	R20 000	R25 000	R35 000
Begrafnis:	Lid	-	R12 000	R16 000	R19 000	R20 000	R30 000
	Gade	-	R12 000	R16 000	R19 000	R20 000	R30 000
	Kind 14 - 21	-	R12 000	R16 000	R19 000	R20 000	R30 000
	Kind 6 - 13	-	R6 000	R8 000	R9 500	R10 000	R15 000
	Kind 0 - 5	-	R3 000	R4 000	R4 750	R5 000	R7 500
Totale koste		R26.97	R67.83	R80.46	R91.27	R110.84	R155.28
Netto aftreevoorsiening (bydrae minus totale koste)		R127.03	R86.17	R95.54	R106.73	R126.16	R240.72

Bydraes en aparte groepskema strukture vanaf 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2021

Die onderstaande planne is slegs beskikbaar vir werknemers wat 'n minimum salaris van R10 000 per maand verdien:

Plan		SAL 1	SAL 2	SAL 3	SAL 4
Bydrae		R525.00	R787.00	R1 050.00	R2 625.00
Sterftedekking		R100 000	R150 000	R200 000	R500 000
Enkelbedrag ongeskiktheid		R100 000	R150 000	R200 000	R500 000
Ongeluk: sterfte/verlies van ledemate		R50 000	R75 000	R100 000	R250 000
Begrafnis:	Lid	R35 000	R35 000	R35 000	R35 000
	Gade	R35 000	R35 000	R35 000	R35 000
	Kind 14 - 21	R35 000	R35 000	R35 000	R35 000
	Kind 6 - 13	R17 500	R17 500	R17 500	R17 500
	Kind 0 - 5	R8 750	R8 750	R8 750	R8 750
Totale koste		R180.85	R240.66	R300.54	R659.60
Netto aftreevoorsiening (bydrae minus totale koste)		R344.15	R546.34	R749.46	R1 965.40

Bydraes en aparte groepskema strukture vanaf 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2021

Bydraes

Bydraes word maandeliks vooruit deur middel van ‘n debietorder gehef. Hierdie proses vergemaklik administrasie en beperk administratiewe kostes tot ‘n minimum. Geen voorsiening word gemaak vir alternatiewe metodes van betaling nie. Premies vir die sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele, asook die vaste administrasie- en konsultasiefooi word van die maandelikse bydrae verhaal. Die netto bydrae word belê om ‘n spaarkomponent by aftrede, uitdienstrede of sterfte te voorsien.

Dit is uiters belangrik om daarop te let dat bydraes maandeliks betaal moet word. Indien ‘n betaling deur u bank geweier word, ongeag die rede, word lede se aparte groepskemavoordele opgeskort en geen eis sal ingedien kan word nie. Indien die aftrekking vir ‘n tweede opeenvolgende maand geweier word, sal alle betrokke lede se lidmaatskap van die Fonds opgeskort word totdat die werkgewer die posisie regstel. Die sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk” sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele kan egter nie terugwerkend betaal en herstel word nie.

Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om lede onmiddellik in kennis te stel as betalings aan die Fonds deur die bank geweier word, aangesien die lede nie dekking onder die aparte groepskemas geniet tot tyd en wyl die betrokke betalings weer betaal word nie.

Die Bestuursraad sal die bydraeplanne jaarliks herevalueer en aanpas. Lede se bydraes sal jaarliks outomaties aangepas word.

Bydraeplanne

- Die planne wat gekies word kan verskil van een werknemer na die volgende. Die planne kan ook voortdurend hersien en aangepas word. Die wysiging sal slegs geskied nadat die administratiewe kantoor voor die 20ste van elke maand skriftelik daarvan in kennis gestel is.
- Die werkgewer en werknemer kan self besluit watter plan geskik is vir elke individuele werknemer. Van die werknemers kan dus planne met basiese voordele kies en ander werknemers kan weer planne met meer omvattende voordele kies, waarna dit ooreenkomstig geïmplementeer sal word.
- ‘n Werkgewer hoef nie al sy werknemers by dieselfde plan in te skakel nie.
- Werknemers mag ook bykomende bydraes tot die Fonds maak vir bykomende aftreebefondsing.

Voordele

Aftreevoordeel

By aftrede word die lid se sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele beëindig. Die lid is geregtig op die totale waarde van sy of haar spaarkomponent of kan kies om ‘n uitgestelde pensioenlid te word. Die lid kan op enige stadium tussen ouderdom 55 en 70 aftree.

Uitdienstredingsvoordeel

By diensverlating, word die lid se sterfte-, ongeskiktheids-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate en begrafnisvoordele beëindig. Die lid is geregtig op die totale waarde van sy of haar spaarkomponent of kan kies om ‘n opbetaalde lid te word. Die lid word ook die keuse gebied om die totale waarde van sy of haar spaarkomponent oor te plaas na ‘n nuwe deelnemende werkgewer in die Fonds of na ‘n bewaringsfonds oor te plaas.

Sterfte- en begrafnisvoordele

By afsterwe van die lid voor aftrede, word die lid se sterfte- en begrafnisvoordele volgens die gekose plan aan die lid se afhanklikes betaal. Die totale waarde van die lid se spaarkomponent word ook aan die lid se afhanklikes betaal.

Ongeluksvoordeel: sterfte/verlies van ledemate

In geval van sterfte voor aftrede as gevolg van 'n ongeluk, is die lid se ongeluk: sterftevoordeel betaalbaar volgens die gekose plan aan die lid se afhanklikes, addisioneel tot die sterftevoordeel.

Indien die lid 'n verlies van ledemate ervaar as gevolg van 'n ongeluk, is die voordeel betaalbaar gelyk aan ‘n persentasie van die ongeluksvoordeel. Die totale bedrag betaalbaar vir die ongeluksvoordeel: sterfte en verlies van ledemate is beperk tot:

- die totale ongeluksvoordeel. Enige persentasie wat voorheen uitbetaal is, sal in ag geneem word;
- die totale bedrag betaalbaar ten opsigte van 'n lid ingevolge die punte (c), (d) en (e) van die onderstaande tabel, is saam nooit meer as 75% van die ongeluksvoordeel nie; en
- die sterfte of verlies van ledemate het binne 12 maande na die besering plaasgevind.

Ongeskiktheidsvoordeel

Indien die lid totaal en permanent ongeskik verklaar word (soos bepaal deur die versekeraar gebaseer op gedetailleerde mediese inligting en goedgekeur deur die versekeraar) voor ouderdom 65, is die lid geregtig op die ongeskiktheidsvoordeel volgens die gekose plan na ‘n wagtydperk van 6 maande. Die lid se sterfte-, ongeluk: sterfte/verlies van ledemate- en begrafnisvoordele word beëindig.

Die lid sal ook geregtig wees op die totale waarde van sy of haar spaarkomponent op datum van uitdienstrede.

Groepskema

Sterfte- en begrafnisvoordele

Die sterfte- en begrafnisvoordele word voorsien tot op ouderdom 70. Hierdie voordele word in die algemeen voorsien sonder enige mediese bewys van gesondheid, maar die Bestuursraad behou hulle die reg voor om die hooflid te versoek om bewys te lewer van goeie gesondheid op die intreedatum tot die Fonds.

Enkelbedrag ongeskiktheidsvoordeel

Die ongeskiktheidsvoordeel word voorsien tot op ouderdom 65 en is onderhewig aan ‘n wagtydperk van 6 maande. Indien die lid ongeskik verklaar word (onderhewig aan goedkeuring deur die versekeraar) binne 5 jaar voor die ouderdom van 65, sal die voordeel betaalbaar volgens die gekose plan, verminder word met 20% vir elke jaar of gedeelte daarvan waar die effektiewe datum van die ongeskiktheid die lid se 65ste verjaarsdag voorafgaan.

Let daarop dat voorafbestaande voorwaardes geld. Dit beteken dat ‘n lid vir ‘n tydperk van 12 maande na sy of haar aansluiting by die Fonds/plankeuse nie mag eis vir ‘n mediese toestand wat reeds bestaan het 6 maande voor sy of haar aansluiting by die Fonds/plankeuse nie.

Ongeluksvoordeel: sterfte/verlies van ledemate

In geval van sterfte voor aftrede as gevolg van 'n ongeluk, is die lid se ongeluk: sterftevoordeel betaalbaar addisioneeel tot die sterftevoordeel. Indien die lid ‘n verlies van ledemate ervaar as gevolg van 'n ongeluk, is die voordeel betaalbaar gelykstaande aan 'n persentasie van die ongeluksvoordeel.

Die onderstaande tabel dui die persentasies wat volgens die verlies van ledemate betaalbaar is:

Gevolg van ongeluk		Voordeel as persentasie van die ongeluksvoordeel
(a)	Sterfte	100%
(b)	Die totale, permanente, onherstelbare en gelyktydige verlies van die gebruik van • albei oë; of • albei hande; of • albei voete; of • een hand en een voet; of • een oog en een hand; of • een oog en een voet.	100%
(c)	Die totale, permanente, onherstelbare verlies van die gebruik van • een oog; of • een hand; of • een voet; of • albei ore.	75%
(d)	Die totale, permanente, onherstelbare verlies van die gebruik van een oor.	50%
(e)	Die totale verlies deur liggaamlike skeiding van:	
	(i) een hele duim	25%
	(ii) een hele wysvinger	10%
	(iii) een hele groot toon	10%

Algemeen

Kostes

- **Administrasiekostes:**
  - Lidfooi van R18.11 (insl BTW) van bydrae per lid per maand; en
  - Konsultasiefooi van 5.75% (insl BTW) van bydrae per lid per maand; en
  - Heffing op bates van 0,53% (insl BTW) per jaar.

- **Groepskemakostes:**

Vir lede op Plan A1 tot E

- Sterftevoordeel: R1.06 per R1 000 dekking

- Kapitaalongeskiktheidsvoordeel: R0.35 per R1 000 dekking
- Ongeluksvoordeel: sterfte/verlies van ledemate: R0.29 per R1 000 dekking
- Begrafnisvoordeel: R1.83 per R1 000 dekking

Vir lede op plan SAL1 tot SAL4

- Sterftevoordeel: R0.55 per R1 000 dekking
- Kapitaalongeskiktheidsvoordeel: R0.28 per R1 000 dekking
- Voordeel per ongeluk sterfte / liggaamlike verlies: R0.13 per R1 000 dekking
- Begrafnisvoordeel: R1.23 per R1 000 dekking

Die kostes vir ouditeure, heffings van die Owerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) , die Pensioenfondsberegter, getrouheidswaarborge, ‘n gedeelte van die maandelikse administrasiefooi en enige ander gemagtige kostes word van die bates van die Fonds verhaal.

Die administrasiekoste sowel as die kostes verbonde aan die groepskemas word jaarliks hersien.

Aansluitingsprosedure en navrae

Om by die Fonds aan te sluit, moet u die aansoekvorm invul en by die Fonds indien. Stuur die vorm aan ons per e-pos aan aca.agrisectorfund@sanlam.co.za

Navrae kan deur die volgende kanale gerig word:

Webwerf: www.aspf.co.za

E-pos: aca.agrisectorfund@sanlam.co.za

Telefoon: 011 286 1302

Indien u verkies om deur u bestaande finansiële adviseur te werk, is hy of sy baie welkom om ons te kontak vir enige inligting wat benodig word. Finansiële adviseurs is ook in sommige gebiede beskikbaar indien u ‘n besoek verlang.

Kommunikasie



By ontvangs van die aansoekvorm, die afhandeling van die intree-administrasie en die suksesvolle verhaling van die eerste bydraes, sal die werkgewer ‘n lidmaatskapsertifikaat ten opsigte van elke lid van die Fonds ontvang. Hierdie lidmaatskapsertifikate is slegs geldig indien alle bydraes ten volle op ‘n maandelikse basis in stand gehou word.

U sal ook ‘n volledige dokument ontvang wat die administratiewe prosesse en vereistes van die Fonds uiteensit. Voordeelstate sal jaarliks aan werkgewers uitgereik word. Hierdie state sal elke lid se waarde van die spaarkomponent aantoon, sowel as die voordele onder die aparte groepskemas waarop die lid geregtig is volgens die gekose plan.

Vrywaring: Let asseblief daarop dat alle sorg in die samestelling van hierdie verslag geneem is en indien enige geskil oor die interpretasie van die voorwaardes of inhoud plaasvind, sal die amptelike reëls van die Fonds, bepalings van die Wet op Pensioenfondse en die tersaaklike versekeringspolis geld. Nóg ACA Employee Benefits (Pty) Ltd, of die outeurs aanvaar aanspreeklikheid vir enige skade hoegenaamd of hoe dit ook mag ontstaan, insluitend maar nie beperk tot direkte, indirekte of gevolglike verlies wat mag ontstaan as gevolg van uitsluitlike vertroue op die inligting hierin.